Darting an elephant? Seen it on TV but here's the real thing

Article and photographs by Chris Kunz

Seen it so many times on televison ... darting an elephant and fitting a collar. Nothing spectacular, or so we thought until we were recently invited to join a research group and experience this amazing event.

Continued in Afrikaans on page 9; Vervolg op bladsy 9 ...



Scientists, veterinary surgeons, visitors, journalists and KPNR officials scurry around the darted elephant, photographing, measuring, monitoring and making the most of participating in an exciting elephant research project.

Die span in die Klaserie druk besig om die verdoofde olifant te ondersoek, monitor, meet (poot bo, slurp onder) en hom in te span vir die navorsings-projek. In die voorgrond van die foto links sien mens die onderkant van sy voorpote een waarvan heelbo vergroot is dat die leser kan sien wat die skrywer ervaar het toe hy praat van, "sy effens verslete ou pote, eintlik sy voetsole of sê mens pootsole ..." [Lees verder op bladsy 9].

Wish list for eco-training and the Animal Olympics

It is in the very nature of the 'animal', all programmes such as those introduced in the Klaserie Private Nature Reserve have needs.

There is a wish list for both the upcoming animal Olympics and the Children's Eco Training. Here are the needs and any reader who sees a way to fulfil these needs please be in touch with the CEO of the CET, Zani Kunz at the KPNR HQ.

Wish list for Children's Eco Training

Hindernisbaan	Other items
Pale (Om swaaie en jungle gyms te bou)	Computers for the Adult training centre
Latte	Laptop Computers for mobile computer training
Spykers	Printers
Sterk tou	Binoculars for the trainers
Sement	Reference books – Birds, trees, mammals, reptiles, butterflies, etc
Ou boorgat pype of soortgelyke pype	Cameras for the trainers at training
Bande	Any waste material we could use for projects and games
Olie dromme	Notice board – outside
Planke	SLR Camera for publicity and marketing purposes
Draad	
Skroewe en Boute	

CET 2006 winners

Michelle Mathebula (6), Katzenelenbogen
Nhlamulo Mhogwani (7), Ntoma
Carol Nziyani (8), Camp George
Amukelani Mgiba (9), Camp George
California Makhubela (10), Nzumba / Nyeleti
Olga Khosa (10), Braithwaite
Cardney Ndlovo (11), KPNR HQ
Ronny Mathonsi (12), Du Preez
Candy Manzini (13), Nzumba / Nyeleti
Keith Ndlovu (13), KPNR HQ
Nkululeko Mathebula (14), Hartman
Neo Chiloane (15), KPNR HQ
Arnold Moropane (16), Dover

"... Life ought to be more than a grim battle for survival. Life must include the joyful pursuit of a fullness towards which all awakened people are compelled to reach," Govan Mbeki.

'n Dag saam op die Olifantnavorsingsprojek

artikel en foto's deur Chris Kunz

Vervolg vanaf bladsy 8 ...

Die dag het om 05:00 begin by die HK van die Klaserie Reservaat waar ons vir Colin Rowels, hoof veldwagter, ontmoet en vertrek het na die rendezvous by 'n aanloopbaan tussen die Klaserie en Timbavati. Die res van die geselskap wat bestaan het uit drs.

For a moment the writer/photgrapher of this article, Chris Kunz relinquishes his camera to another and his presence on this occasion is recorded.

Michelle en Steve Henley hoof van die projek, dr. Cobus Raath, veearts van Nelspruit, twee buitelandse besoekers, ander belanghebbendes en joernaliste het mekaar hier ontmoet. Saam met die rooidag en voelgeluide het ons die wit en rooi liggies van die naderende helikopter ingewag. Na 'n perfekte landing deur Ben Osmers in die oggendskemering, is die deure afgehaal, ekstra brandstof afgelaai en is daar voorligting aan die groep gegee deur Steve en Cobus rakende die omvang van die projek.

Sowat 'n halfuur later het die tweerigting radio vanuit die helikopter aan Colin, wat vir die veiligheid en beweging verantwoordelik was, gerapporteer dat 'n olifant verdoof is en dat ons kan naderkom. Wat ons hierna ondervind het, sal lewenslank bybly.

"Tot ons sy pote sien ...!"

Kameras in die hand het ons grootoog nadergestaan. Waarvan neem mens nou foto's, 'n bondel mense om 'n reuse dier, sy kop en nek waarom daar 'n band gesit word, die veearts wat noukeurig die welstand van die dier monitor of die groep wat allerlei interessante afmetings van die olifantbul notuleer. Totdat ons sy voete of is dit sy pote gesien het. En sy stert en sy bek en sy neusgate aan sy slurp en die massiewe hoeveelheid lug wat in en uit daai slurp en longe beweeg, die hoogs interessante samestelling van sy vel, en, en, en. Maar sy effens verslete ou pote, eintlik sy voetsole of sê mens pootsole ... dit wat hom geruisloos deur die bos laat beweeg en waarop almal staatmaak om hom oor drie jaar en moontlik baie langer, in staat sal stel om aan die mens, deur satelliet tegnologie te wys waar hy oral geloop het.

Duidelik het Steve 'n passie vir sy werk

Steve, wat baie duidelik 'n passie het vir sy werk as navorser, kan nie uitgepraat raak oor die olifant en sy eienskappe nie. Die vel stem baie ooreen met die binnekant van 'n mens se maag, is baie sensitief en kan onder andere jodium opneem wanneer hy sand oor hom gooi. Die teer aan Eskom pale irriteer hom en daarom skuur hy nie en bly die pale sodoende staan. Van naby lyk die vel soos mini see- anemone en verstaan mens waarom dit sensitief is.

Oor drie jaar, wanneer die volgende monitor aangesit word, sal die instrument 'n magdom inligting deurgee vandat die eerste een aangesit is. Onder andere dat die hare aan sy stert, wat maklik veertig sentimeter lank is, alle veranderinge aan die chemiese samestelling van die dier in die tyd sal weergee. Tyd was ooglopend te kort vir hom om alles te vertel aan ons wat oopmond staan en luister.

Tydens die uiters interressante voorligting het dr.Cobus Raath, ooglopend 'n man met baie kennis en ondervinding, aan ons verduidelik hoe die verdowing , maar ook hoe die middel wat die ou reus wakker maak werk. Na toediening kom die dier by, maar baie rustiger as in die verlede omdat die nuwe middel hom vir 'n hele tyd nog rustig hou, al is hy op sy voete. Colin, met sy .458, was gereed indien nodig, maar was dit total onnodig, danksy hierdie middel.

Die monitors, geborg deur verskeie individue, sal navorsers in staat stel om die bewegings van talle olifante te monitor en waardevolle inligting deur te gee. Die Henley's kan gekontak word by ... : michelephant@worldonline.co.za en die adres van die projek is: http://www.savetheelephants.org/regions.asp?linkID=10&contentID=30.

Forty-centimetre tail hairs important for research.

• It gives one such a special feeling to know that somewhere in Africa there roams one elephant that helps to carry the responsibility of the whole elephant population, and you were there when it happened. Everyone was so in awe after this that all the cooler boxes went home untouched!

Suitably collared and now awakened gently the pachyderm makes his way into the bush.

Thank-you to donors

Dave and Sue Tindall - Computer stand donated to us.
Joe and Bridgette Puck - Computer.
Steve and Kathy of Motswari Game Lodge - Educational equipment from their Bush Home School.
Klaserie Private Nature Reserve - Plastic cutlery and crockery.
Nashua - Photocopier.
Didi Skinner and Nacy Matloko of Sanparks and Amelia Maree from DWAF - Water posters, games and lanyards for the training.
Dave Rushworth - Flash disk/USB stick.

"Man has flashed into a transient existence in a temporary condition of the universe, which started without him and apparently will end without him," B.A. Howard, M.A. *The Proper Study of Mankind.*